

NUUS VANAF SINODALE KANTOOR



Lees die SDK Voorsitter, dr. HH van der Linde, se nuwe jaar voornemens vir 2017 [hier](#).

Aan alle nuwe leraars

Die SDK sien uit om die 2017-nuwelinge in ons sinode te verwelkom!

Indien u vanjaar 'n nuwe leraar in ons sinode is, wil ons u en u gade na die verwelkoming nooi.

Om seker te maak dat ons niemand uitlaat nie, vra ons dat die gemeentes, of selfs die nuwe leraars, ons in kennis sal stel sodat ons u ook kan insluit by ons uitnodigings.

Stuur asb. u kontakbesonderhede aan me. Natassja Marais (pa@ngkhoeveld.co.za).



Week van Gebed 2017

Vrygemaak deur God wat hoop gee

Onderwerpe:

Dag 1: Christus het ons vry gemaak en gee ons hoop (Galasiërs 5:1-13) – Helené Fouché

Dag 2: Ons hoop in die hemel laat ons bid vir mekaar (Kolossense 1:3-14) – Akash Sirpal

Dag 3: Bevry om Jesus te aanbid wat altyd by ons is (Matteus 28:16-20; Jesaja 43:1-5) – Derik Myburgh

Dag 4: Bevry om uit God se beloftes te leef (Psalm 50:1-6, 14-15) – Henco van der Westhuizen

Dag 5: As bevrydes dien ons mekaar met die evangelie (2 Konings 5:1-14 [’n Minderjarige slagoffer van ’n oorlog, bedien goeie nuus aan die aggressor] – Myrtle Joubert

Dag 6: As bevryde mense dien ons God aan wie alles behoort (Psalm 24; Kolossense 1:15-20) – Ntozakhe Cezula

Vir meer materiaal vir 2017 se Week van Gebed, [klik hier](#).

TUTELA WYDINGSDIENS

Tutela, met al sy diensvertakkings, hanteer min of meer al die professionele maatskaplike dienste binne die Sinode van die Hoëveld. Aan die begin van elke jaar, hou ons 'n wydingsdiens waar ons die diakonale dienswerk van die kerk, en die personeel wat daarby betrokke is, aan die Here opdra. Hierdie dienswerkers het inderdaad gebed en ondersteuning nodig.

Dit sal wonderlik wees indien gemeentes ook by die wydingsdiens teenwoordig kan wees om hul ondersteuning aan die dienswerkers te demonstreer.

Sien die onderstaande uitnodiging. Laat weet asb ook hoeveel persone ons kan verwag ter wille van verversings (Me. Ester Venter - ester@tutela.org.za / 011 975 8220).

Botha van Harde



Tutela nooi jou na ons jaarlikse Wydingsdiens.

Wanneer: 3 Februarie 2017 om 10h00

Waar: Sinodale Sentrum, Gladiatorstraat 56,
Rhodesfield, Kempton Park

Prediker: Ds. Stemmet Cupido

Ons wil graag die dienswerk van die hele Tutela Groep vir 2017 aan die Here opdra. RSVP asseblief voor 27 Januarie 2017 vir verversingsdoeleindes.



EMPERORS PALACE
THE BARNYARD
THEATRE



THE HOLLYWOOD WALK OF FAME

Fundraiser: MES Kempton Park

Date: Thursday, 16 February 2017

Venue: The Barnyard Theatre Emperors Palace

Time: Doors open at 18:30, show starts at 20:00

Price: R160 per person

For info: Aloma (082 652 3398) / Duane (082 348 8639)

aloma@mes.org.za / duane@mes.org.za

*Pre-order Barnyard's delicious Pizzas, Platters & Gourmet Meals. | Cash bar available. No beverages may be brought in from the outside.

Namens die Werkgroep vir MIV van die Sinode Hoëveld, wens ons al die lesers 'n voorspoedige 2017 toe. Mag julle elkeen God se hande en voete hier op die aarde wees.

'n Interessante stuk statistiek het in Health 24 aan die einde van laas jaar verskyn en ek haal graag die volgende uit die artikel aan:

"Death rate halved, but HIV remains SA's biggest killer

HIV is still the leading cause of death in South Africa, and according to the SAMRC we need to enhance our efforts to treat more people, improve prevention efforts and integrate TB care into HIV treatment.

HIV is the biggest killer of South Africans, but deaths from the virus have almost halved in six years thanks to the country's antiretroviral treatment programme".

Ons is dankbaar dat ons die sterf gevalle gehalveer is, maar die feit van die saak is dat MIV nog die grootste oorsaak van sterfgevallen onder ons Suid-Afrikaners is. Ons as gemeentes het 'n verantwoordelikheid om nie net die geïnfecteerdes nie, maar ook die geaffekteerdes te help.

Indien jy verdere informasie benodig of betrokke wil raak by die Werkgroep vir MIV sake van die NG Sinode Hoëveld, kontak vir Lyn van Rooyen by management@cabsa.org.za.



CABSA

Hope Love
Understanding Faith
Peace Courage Security
Partner Support
Safe Sex Devotion
Alleviate Sisterhood
Charitable Education
Awareness Ease Grace
Generosity Admiration
Spirit Heart Reassuring
Recollection Communities
Recognition Perseverance
Brotherhood Benevolence
Compassion Commending
Remembrance Strength
Encouragement Solace
Empowerment Allay
Sympathizing Life
Goodwill Concern
Union Fondness Help
Concern Giving Praise
Dignity Bravery Memories
Soothing Unity Understanding
Public attention Advocacy Care
Counseling Joy Kindness Friend
Fighting Giving Goodwill Calming
Cheering Service Tenderness Morale
Console Enduring Never forget Amity
Warmth Feeling Valorous Tolerance
Solidarity Safety Fortitude People
Togetherness Spirituality
Precautions Lower World
Comfort Hero Soul
Them Wisdom
You Us We
I Me

PUBLIKASIES



Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 of 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel.

Lees in die eerste Kerkbode van 2017 ...

In die Kerkbode van 20 Januarie verskyn "die storie waarin God se naam nie genoem word nie".

Lees ook ...

- ... oor die verskillende Echo-gemeenskappe waar saamlewe mense help om heel te word.
- Daar is nuus van 'n Pretoriase bediening wat mense help om nie net te glo nie, maar om God se Pad te stap.
- Daar word ook berig oor sendelinge in België wat help om mense se lewens te verander.
- Lees hoe gelowiges ingespring het om te help terwyl brandweermannen teen die onlangse Kaapse brande gestry het,
- Lees oor die lande waarin Christene die meeste vervolgd word oor hulle geloof,
- en lees oor 'n akuele kunswerk wat iets uitbeeld van troos in 'n troostelose wêreld.

Gebedsversoek vir Kaapse brande

Dear brothers and sisters in Christ

The past few weeks we have experienced excessive wildfires in the Western Cape. As His children we discern that something terrible is wrong. We need God's wisdom, guidance and intervention. May God by His grace alone, grant us out of season rain. We urge you to pass on this message AND commit yourself to 10 minutes of prayer each day in this regard. We would like to mobilise as many Christians as possible to daily pray for this until the 5th of February.

God bless

2 Chron 7:14

Thom Thamaga, Braam Hanekom, Barry Isaacs
Western Cape Ecumenical Forum (WCEF)


Navrae: Sentrum vir Publieke Getuigenis – 021 957 7202 of spg@kaapkerk.co.za

Met dank oorgeneem uit VrydagNuus 20 Januarie 2017

Jaarboek 2017

Die Jaarboek arriveer die week vanaf die drukkers en dan word al die gemeente- bestellings uitgevoer. Hou dus die pos dop!

Gemeentes wat nog nie bestellings geplaas het nie, kan dit onverwyld nog doen met die bestelvorms wat verlede jaar uitgestuur is.





Die boodskap van *geloof, hoop en liefde*



Vanjaar het gemeentes die voorreg om 500 jaar van Reformasie te herdenk en Christelike Lektuurfonds sal deur die loop van die jaar, as hulpmiddel, 'n reeks van 12 pamflette met verskillende temas beskikbaar stel. Elke maand sal die daaropvolgende maand se pamflet geadverteer word en gemeentes kan pamflette vroegtydig bestel om aan gemeentelêde beskikbaar te stel. Pamflette is gratis en sal beskikbaar wees in Afrikaans en Engels, so hou hiermee ook Engelssprekende buurgemeentes en ander denominasies in jul area in gedagte en seën hulle met 'n bestelling van hierdie pamflette.

Pamfletonderwerpe:

Januarie:	Vrygemaak deur 'n God wat hoop gee
Februarie:	Vrygemaak om met vreugde vir ander te lewe
Maart:	Vrygemaak vir hierdie lewe
April:	Vrygemaak om te kan bely
Mei:	Vrygemaak om in geloof anders te kan kyk
Junie:	Vrygemaak ... daarom is ons goed genoeg
Julie:	Vrygemaak ... daarom gee ons om
Augustus:	Vrygemaak ... daarom is ons almal priesters
September:	Vrygemaak om anders te werk
Oktober:	Vrygemaak om dapper in die openbaar te leef
November:	Vrygemaak om te sorg vir God se skepping
Desember:	Vrygemaak om 'n nuwe lied te sing

Taakspan Refo 500 het materiaal ontwikkel om gemeentes te ondersteun met die Reformasie vieringe.

Besoek die [Reformasie 500 webtuiste](#).

- [Reformasie-oomblik vir die liturgie](#)
- [Reformasie grafika](#)
- [Bydraes uit die Tydskrif vir Hervormde Teologie](#)

Jy kan ook [hier inteken](#) om die Refo 500 nuusbrieff te ontvang.



Hierdie pamfletonderwerpe sal ook maandeliks op CLF se gratis slimfoon-toep beskikbaar gestel word, indien u verkies om dit elektronies aan u gemeentelêde beskikbaar te stel.




JANUARIE PAMFLET - VRYGEMAAK DEUR 'n GOD WAT HOOP GEE (Prof Robert Vosloo)

Daar word met die 500-jarige herdenking van die Reformasie gefokus op die hooftema "Vrygemaak". 'n Sentrale gedagte wat betrekking het op hierdie tema, is dat Christene 'n God aanbid wat ryk is aan beloftes en daarom is die drie-enige God 'n God wat hoop gee. Die Evangelie gaan oor beloftes. Ons leef in 'n tyd waar baie leë en goedkoop beloftes gemaak word, maar God se beloftes is betroubaar. Hierin lê ons diepste hoop.

FEBRUARIE PAMFLET – VRYGEMAAK OM MET VREUGDE VIR ANDER TE LEWE (Prof Johan van der Merwe)

Martin Luther het sonde beskryf as 'om in die self ingebuig te wees' – dus vasgevang te wees in selfgerigtheid en selfsugtigheid en vry en los leef van ander. Ware Christelike vryheid lê egter nie los van die verbondenheid met ander nie, maar in verbondenheid met ander – die vryheid wat die hart vry maak van sonde en moralisme.



Vir verder navrae en bestellings, stuur e-pos na order@clf.co.za of skakel 021 873 0198

Die boodskap van *geloof, hoop en liefde*



CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

The message of faith, hope and love



Aandag alle GEMEENTES MET MEDIASENTRUMS / BOEKWINKELS

Soek u betroubare, Bybelgefundeerde materiaal vir u gemeente? Is u 'n gemeente met 'n uitreik-hart wat gereeld met gemeenskapsuitreike, sopkombuise, gevangenisbediening, ens. besig is? Christelike Lektuurfonds vier vanjaar 'n 60 jaar genadepad en as NGK mediavenoot bied ons graag die volgende:

Bekostigbare boeke wat fokus op bediening, evangelisasie en geloofsgroei. Ons katalogus sluit in: preekbundels, dagstukkies in Afrikatale, geloofsvormingsreeks vir jeug en beginnerlesers (Vertel, Vertel), drie pragtige Kinderbybels beskikbaar in sewe van ons inheemse tale, sendingverhale en vele meer.

Gratis, helderkleurige pamflette in ons inheemse tale wat van geestelike tot maatskaplike onderwerpe aanspreek is beskikbaar vir evangelisasie, praktiese uitlewing van dissipelskap en selfs as hulpmiddels vir leraars om hul preektemas te help toelig.

Normaalweg kry mediasentrums/boekwinkels 25% afslag op verkoopbare produkte, maar diegene wat in 2017 vir die eerste keer registreer en bestel, kry 'n ekstra 5% afslag op hul eerste bestelling.

As u belangstel om as mediasentrum/boekwinkel by Christelike Lektuurfonds te registreer en van hierdie spesiale aanbieding vir 2017 gebruik wil maak, stuur 'n e-pos aan Christelle Fourie by order@clf.co.za en versoek 'n registrasievorm.



Wêreldbiddag vir Vroue

3 Maart 2017

“My genade is genoeg vir almal”

[Kliek hier](#) vir meer...

PASTORALE BERADERS

Ons kry navrae vir Pastorale Beraders.

Indien u wel 'n Pastorale Berader is, kan u asseblief vir my u kontakbesonderhede stuur. As u nie is nie, maar weet van iemand, stuur dan vir my die kontakbesonderhede en ek sal direk met hul kontak maak.

Ons wil graag 'n databasis skep om sodoende 'n addisionele diens te verskaf.

Stuur u besonderhede aan Natassja Marais ipa@ngkhoeveld.co.za.

[Klik hier](#) vir 'n lys van Pastorale Beraders.

DATUMLYS



'n Volledige datumlys, met die portefeuljeleiers se beplanning en belangrike sperdatums, is [hier](#) beskikbaar.

AFLOSPREDIKANTE



© Can Stock Photo

[Klik hier](#) vir 'n lys van aflospredikante.

VAKATURES



[Klik hier](#) vir Kerkbode se lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies.

ANDER NUUSBRIEWE



Januarie 2017 - In hierdie uitgawe

- Saamgesnoer deur brulperde en Bybels
- Bybels vir armes
- Brokkies

GEBEURE

In 'n neutedop...

JANUARIE

FEBRUARIE

3 Tutela Wydingsdiens

16 MES Kempton Park
The Hollywood walk of fame



**Ons is op soek na ENIGE interessante nuusbrokkies!
Ons wil ook baie graag inligting van ons leraars in die
nuusbrief plaas.**

**Laat weet ons asseblief wanneer daar nuwe leraars by
jul gemeentes is, of bevestig word, emeriteer en selfs
na ander Sinodes verhuis. Enige nuus is welkom!**



BESOEK ONS OOK OP FACEBOOK

WWW.FACEBOOK.COM/SINODEHOEVELD



VRYWARING

Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE behels, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.

NUUS VANAF HOËVELD SINODE plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.

Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgehou as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeure of inligting aanvaar.

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbrief skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.